

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Parashah 16: B'shalach (בשלח) – Om te laat gaan.

Dit het gebeur dat toe Farao die volk laat gaan het, God hulle nie deur die land van die P'lishtim gelei het nie, alhoewel dit nader was, want God het gesê: “Sodat die volk, as hulle oorlog sien, nie dalk hulle gedagtes verander en teruggaan na Egipte toe nie.” Ex. 13:17 – PWL¹

Torah: Exodus 13:17 tot 17:16.

Haftorah: Rigters 4:4 tot 5:31.

Nuwe Verbond: Rom. 9:15 tot 23; Hand. 7:36; 1 Kor. 10:1 tot 13; Heb. 11:29; Open. 15:1 tot 4; Joh. 6:25 tot 58; Open. 2:17.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir parashah 16 wat afgelaai kan word by: [Parashah16Notas14](#) of by [Parashah16Notas15](#)

If truth is stranger than fiction ... it's because it has a better and more creative Author – Jeff Forsythe.

We have a tendency to think of God being glorified only in the manifestation of His mercy – He is just as glorified by His justice – R.C. Sproul.

Any concept of grace that makes us feel more comfortable sinning is not biblical grace. God's grace never encourages us to live in sin, on the contrary, it empowers us to say no to sin and yes to truth – Randy Alcorn.

Heart-suffering because of sin is the best proof that the Holy Spirit dwells in your heart – Johann Arndt.

¹ PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch of kontak vir Gerrie Coetzee by padwlewe@yahoo.com Alle teksverwysings is gemeem uit PWL Vertaling, behalwe waar anders vermeld.

Torah Bespreking

Eindes Van Die Eeue

Kort nadat Israel uit Egipte vertrek het, het Farao gesê: *Wat het ons nou gedoen dat ons Israel laat trek het, sodat hulle ons nie meer dien nie?* (Ex. 14:5). Daarop het Farao sy strydwaens ingespan en sy beste vegsmanne geneem en Israel agtervolg met die doel om hulle terug te bring na Egipte. By die Rooisee het hy hulle ingehaal en al wat nou tussen die Egiptiese weermag en Israel gestaan het, was die Engel van God en die wolkkolom (Ex. 14:19 en 20). Israel het baie bang geword en tot YHVH geroep en aan Moses gesê:

Het u, omdat daar in Egipte glad geen grafte is nie, ons saamgeneem om in die woestyn te sterwe? Wat het u ons nou aangedoen, dat u ons uit Egipteland uitgelei het? Is dít nie die woord wat ons aan u in Egipte gesê het nie: Laat ons met rus, dat ons die Egiptenaars kan dien? Want dit is beter vir ons om die Egiptenaars te dien as om in die woestyn te sterwe. Ex. 14:11 en 12.

Israel was met vrees gevul en het YHVH se wonderwerkende krag waarmee Hy hulle bevry het, vergeet. Die Engel van God en die wolkkolom was nie vir hulle voldoende versekering dat YHVH hulle ook in hierdie uur van nood sal beskerm nie!

In vele opsigte kan ons hiermee identifiseer, want ons is ook geneig om met vrees gevul te word soos ons die tekens in die hemel en op aarde sien wat in snelrat is ten opsigte van wat ons in die laaste dae voor Yeshua se wederkoms en YHVH se oordeel te wagte kan wees!

Ons leef in 'n tyd wat Paulus beskryf as *die einde van die wêreld wat by ons aangekom het*, of soos dit in die 1953 Vertaling geskryf is: *op wie die eindes van die eeue gekom het*:

Al hierdie dinge het gebeur as voorbeeld vir ons en is opgeskryf as 'n waarskuwing aan ons, want die einde van die wêreld het by ons aangekom. Van nou af, elkeen wat dink dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie. 1 Kor. 10:11 en 12.

Hoewel Paulus hier verwys na alles wat met Israel gebeur het en wat vir ons opgeteken is as waarskuwing, kan ons byvoeg dat alles wat sedert dien tot vandag toe in die wêreld gebeur het, en steeds gebeur, ook vir ons as waarskuwing moet dien, want alles dui daarop dat YHVH se uurglas feitlik leeg geloop het! Die moontlikheid bestaan dat die profesie van Sefanja in ons leeftyd waar sal word!

*Naby is die groot dag van יהוה; dit is naby en haas hom; selfs die stem van die dag van יהוה!
Ja, dit is bitter, erg en hard.*

Dié dag is 'n dag van toorn, 'n dag van benoudheid en angs, 'n dag van verwoesting en verlatenheid, 'n dag van duisternis en donkerheid, 'n dag van wolke en dik donkerheid, 'n dag van ramshorings en krygsgeskreeu teen die versterkte stede en teen die hoë hoektorings.

Ek sal benoudheid op mense bring sodat hulle soos blindes sal loop omdat hulle teen יהוה gesondig het en hulle bloed sal uitgegooi word soos stof en hulle vlees soos drek. Sefanja 1:14 tot 17

Soos Israel van ouds kan ons dalk ook eendag, aan die eindes van die eeue, 'n tipe 'Rooise-ervaring' beleef. Gaan ons dan soos Israel ons lot bekla of gaan ons die woorde van Moses onthou:

“Moenie bang wees nie, staan vas en sien die verlossing van יהוה wat Hy vandag vir julle sal bereik, want die Mitzrayiete wat julle vandag sien, sal julle in ewigheid nie weer sien nie. יהוה sal vir julle baklei en julle moet stil wees.” Ex. 14:13

Israel moes laer opslaan reg teenoor Baäl-Sefon, die vesting en tempel van die Fenisiese afgod (Exod. 14:2), terwyl die Egiptiese weermag – die sinnebeeld van Satan en sy bose magte – op hulle afstorm. Hierdie is ‘n raak beskrywing van die scenario waarin ons vandag leef. Die wêreld is ons ‘kampeerterrein’ en ons het kamp opgeslaan voor die ‘aangesig’ van die ‘Baäl-Sefons’ van hierdie wêreld. Satan en sy magte wil ons verlossing in Yeshua beëindig om ons weer slawe van sonde te maak. Soos Israel van ouds word ons vertrou ook getoets en dit is eers wanneer ons op ‘n bonatuurlike wyse deur ons eie ‘Rooisee’ trek wat ons ook die groot hand (Yeshua) van YHVH sal sien en met respekvolle vrees sal vertrou.

Yisra’el het die groot hand gesien wat יהוה teen die Mitzrayiete gebring het en die volk het יהוה respectvol gevrees en vertrou in יהוה en in Moshe, Sy dienskneg. Ex. 14:31.

Laat ons ‘Rooisee-ervaring’ altyd vir ons ‘n herinnering aan Yeshua se woorde wees:

“Laat julle verstand, wil en emosie nie ontsteld wees nie; vertrou in God en vertrou in My. Joh. 14:1.

Israel van ouds het ‘n keuse gehad: Gaan hulle murmureer en vrees of gaan hulle YHVH vertrou om hulle weereens te verlos. Hulle het egter gekies om te murmureer en te vrees! Gaan ons dieselfde fout maak?

‘n Wildernistog van keuses

Gedurende Israel se wildernistog moes hulle ook daaglik keuses maak. YHVH se Torah en die oorlewering van die voorvaders Abraham, Isak en Jakob was feitlik Israel se enigste inligtingsbron oor hoe om die regte keuses te maak. Ons kan nie van Israel van ouds sê dat hulle oorlaai was met inligting nie!

Ons word egter oorlaai met inligting en dit word al hoe moeiliker om die waarheid en die leuen te skei! Dit word toenemend moeilik om die regte keuses te maak. Daniël 12:4 het in ons hedendaagse lewe waar geword:

*En jy, Daniël, hou die woorde geheim en verseël die boek tot die tyd van die einde toe; baie sal dit **deursoek**, en die **kennis** sal vermeerder. 1953 Vertaling.*

Om te *deursoek* (Hebreeus: *shut*) is om gretig (vinnig en deursoekend) heen en weer te hardloop. Die woord *kennis* (Hebreeus: *da’ath*) is om oor die kundigheid, begrip en wysheid te beskik, asook die vermoë om te kan onderskei.

In hierdie tye wat ons leef moet ons besef dat ons al mislei was en ons kan weer mislei word!! Soos Paulus tereg sê: *Van nou af, elkeen wat dink dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie.*

Ons leef in ‘n tyd waar tegnologie die verkryging van inligting, asook die kommunikasie van inligting letterlik by die ‘druk van ‘n knoppie’ moontlik gemaak het! En dikwels ‘skarrel’ ons rond tussen al hierdie inligting waarmee ons ‘gebombardeer’ word. *We are all suffering from an information overload!!* Daaglik moet ons keuses maak tussen die waarheid en die leuen. Die impak van sommige van hierdie keuses is weglaatbaar klein, terwyl sommige wel ons

fisiese en geestelike eindbestemming kan bepaal of beïnvloed. Dit is op die punt wat elkeen moet vra: Glo ek dit omrede dit die waarheid is of is dit die waarheid omrede ek dit glo?

So byvoorbeeld moet elkeen 'n keuse maak onder watter priesterorde jy staan. Die vraag is: Leef ons in die dispensasie van die Levitiese priesterorde wat steeds bestaan, maar tans nie funksioneer nie weens 'n gebrek aan 'n tempel, of leef ons in die dispensasie van die Melgisedek priesterorde waar geen fisiese tempel benodig word nie, want die gelowige in Yeshua is die tempel van YHVH-God.

Hierdie keuse kan wel ons fisiese en geestelike eindbestemming bepaal en beïnvloed!

Bepeins of Bespreek

1. Huidig word daar baie debat gevoer oor die Levitiese priesterorde teenoor die Melgisedek priesterorde. Gebruik die volgende vir bepeinsing of bespreking:
 - Is Yeshua ons Ewige Hoëpriester volgens die priesterorde van Melgisédek? Watter Skrifte bevestig dit (Lees veral die brief aan die Hebreërs). Is jy 'n priester volgens hierdie orde en wat word vereis om 'n priester te wees (Lees 1 Pet. 2:9 en 10).
 - Het die Melgisédek priesterorde dus die Levitiese priesterorde vervang? Het die Levitiese priesterorde slegs funksioneer tot met Yeshua se koms? Is dit nie ondermeer die rede hoekom die tweede tempel vernietig is nie? Wat van die geestelike waarheid agter die skeur van die voorhangsel toe Yeshua aan die folterpaal gesterf het?
 - Met die derde tempel wat volgens alle aanduidings binnekort gebou gaan word, sal 'n Levitiese priesterorde met 'n Hoëpriester in die tempel diens doen? Die Levitiese priesters is reeds opgelei, die tempeltoebehore is vervaardig en die bouplanne is (feitlik) voltooi! Is dit alles die wil van ons Vader.
 - Gaan jy onder die gesag van hierdie Levitiese priesterskap staan? Elkeen sal moet kies!
 - Daar sal weer die voorskriftelike offerandes, soos wat ondermeer in Levitikus uiteengesit word, in die derde tempel geoffer word? Vereis die Melgisédek priesterorde hierdie brandoffers? Wat se offers word onder die Melgisedekorde van elkeen van ons vereis.
 - Met die wederkoms van Yeshua sal Hy kom as Koning en Hoëpriester. Gaan daar dan twee Hoëpriesters wees? Gaan die Levitiese Hoëpriester afstand doen?

Yeshua Die Manna Uit Die Hemel

Toe sê Moshe: "Dit is wat יהוה beveel het: 'n `omer vol moet daarvan bewaar word vir julle geslagte sodat hulle die brood kan sien wat Ek julle in die wildernis laat eet het, toe Ek julle uit die land van Mitzrayim uitgelei het." Moshe sê vir Aharon: "Vat 'n pot en gooi 'n `omer vol 'man hu' daarin en sit dit voor יהוה neer, om dit vir julle geslagte te bewaar." Exod. 16:32 en 33.

Ons lees ook van hierdie manna wat vir die nageslagte bewaar moes word sodat die nageslagte die brood kan sien wat YHVH hulle in die wildernis laat eet het:

Agter die skeidingsgordyn, was die tweede Tabernakel, wat die Mees Afgesonderde genoem word en in dit was 'n goue wierookaltaar en die ark van die verbond, oral met goud oorgetrek, waarin die goue pot met die 'man hu' was, die staf van Aharon wat gebot het⁶ en die tafels van die verbond. Heb. 9:4

Hierdie manna was 'n heenwysing na Yeshua die Brood van Lewe. Daarom het Yeshua self gesê:

“ אֲנִי אֶהְיֶה - Ek is, was, sal wees Wie Ek is, was, sal wees, die Brood van Lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger wees nie en wie in My vertrou, sal nooit dors wees nie, tot in ewigheid. Joh. 6:35

Net soos die Lewende Vader My gestuur het en Ek as gevolg van die Vader lewe, net so sal hy wat My eet, ook as gevolg van My lewe. Hierdie is die Brood wat vanuit die hemel afgekom het; nie soos julle vaders wat die 'man hu' geëet en doodgegaan het nie; wie hierdie Brood eet, sal tot in ewigheid lewe. Joh. 6:57 en 58.

Ten einde die ware betekenis van hierdie woorde van Yeshua te verstaan, moet ons begrip hê van die rol wat koring en brood in die lewe van antieke tye gespeel het.

Vir Israel van ouds was die koringkorrel simbolisies van die geheimenis van lewe. Die koringkorrel is as 'n wonderwerk van YHVH beskou, want dit is slegs God wat dit wat ooglopend dood lyk, weer lewendig kan maak. Kringkorrels wat gesaai word, “sterf” in die grond, maar bring dan nuwe koring voort. God alleen is die Skepper van hierdie lewe.

Yeshua Messias is die koringkorrel wat God se geheimenis van lewe bevat, naamlik die ewige lewe en die lewe in oorvloed. Yeshua is die koringkorrel wat gesterf het sodat ons die ewige lewe kan hê (Joh. 12:24) en deur Sy opstanding 'n lewe in oorvloed deelagtig kan wees (Joh. 10:10b).

Israel het brood en wyn as simbolies van YHVH se voorsiening beskou. Indien 'n Israeli sou sê: “Ek het genoeg brood om te eet en genoeg wyn om te drink”, dan bedoel hy dat daar in al sy behoeftes voorsien word. Die woord “brood” word ook gebruik om na voedsel in die algemeen te verwys (Gen. 3:19; Rig. 13:16; Luk. 15:17). Brood was ook die stapelvoedsel van daardie tyd.

Daarom is Yeshua die brood van lewe, naamlik die Een wat in al ons behoeftes van Gees, siel en liggaam sal en kan voorsien. Die belofte is dat indien ons na Yeshua gaan en eet van die brood (manna) wat YHVH uit die hemel in Yeshua voorsien, sal ons nooit gebrek hê nie. Daar sal in al ons behoeftes voorsien word. Die voorwaarde is dat ons moet kom om te eet. Ons moet gereeld eet van ons geestelike stapelvoedsel.

Koring was ook sinoniem met die handel en ekonomie van 'n land, asook 'n “geldeenheid”. Derhalwe was koring simbolies van welvaart (voorspoed). Yeshua is dus ons welvaart van gees, siel en liggaam. Daarom het ons Messias gesê: *Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê* (Joh. 10:10b). Oorvloed beteken om meer as genoeg te hê. Dit beteken 'n tot oorlopendsvol beker van YHVH se voorsiening (Ps. 23:5).

Brood is ook beskou as die maaltyd van versoening en as deel van die verbondsmaaltyd. Daarom is dit tot vandag die gebruik om brood versigtig te breek en nie te sny nie, want 'n mes is beskou as 'n wapen wat vernietig. Deur brood versigtig te breek word respek vir die

geheimenis van lewe openbaar. Die gesamentlike breek van brood en die eet van 'n maaltyd was simbolies van versoening en onderlinge gemeenskap. Die Isrealiete het 'n maaltyd beskou as 'n samesyn tussen vriende wat 'n verpligting teenoor mekaar het. Die tafel is simbolies van die altaar en die brood simbolies van die toonbrode. Gesamentlik het dit ook versoening en vrede met YHVH gesimboliseer.

Yeshua Die Gesalde Een is ons verbondsmaaltyd van voorsiening en versoening met YHVH. Hy is die Brood van Versoening en die Brood van Lewe. Elkeen moet van hierdie Brood eet. Elkeen wat glo dat Yeshua die gekruisigde en opgestane Messias is, het deel aan die liggaam en bloed van Yeshua

Wie ook al van My liggaam eet en My bloed drink, het die ewige lewe en Ek sal hom laat opstaan in die laaste dag, want My liggaam is ware kos en My bloed is ware drank. Wie My liggaam eet en My bloed drink, bly in My en Ek in hom. Joh. 6:54 tot 56

Hierdie Brood uit die hemel is die Woord van YHVH wat onder ons kom woon het.

In begin het die Boodskap reeds bestaan en daardie Boodskap het saam met God bestaan en God self was daardie Boodskap. Hierdie Een het aanvanklik saam met God bestaan. Alles is deur Sy hande gemaak en sonder Hom het niks bestaan van wat ontstaan het nie. In Hom was die Lewe en die Lewe was die Lig vir die mense. Daardie Lig skyn in die duisternis en die duisternis het dit nie oorweldig nie. Joh. 1:1 tot 5.

Die Boodskap het Vlees geword en het onder ons gebly en ons het Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid gesien, 'n Gemanifesteerde Teenwoordigheid soos van die Enigste Uniekgeborene wat vanaf die Vader kom; Hy wat vol van onverdiende guns en waarheid is. Joh. 1:14

Hoekom moet ons die Woord eet? Ons moet voedsel eet alvorens dit kan verteer en ons liggaam die waarde van die voedsel kan benut. Wat doen ons met brood? Ons eet dit! En wanneer ons dit eet word dit verteer en kan ons liggaam dit benut. Dieselfde beginsel geld vir YHVH se Woord. Ons eet YHVH se Woord wanneer ons dit bestudeer om met die hulp van die Gees van Afsondering die openbaringskennis te kry sodat ons dit kan toepas in ons daaglikse wandel. Alleenlik dan sal YHVH se Woord in ons werk om in al ons behoeftes te voorsien. Dan sal ons voorspoedig wees in alles wat ons doen (Ps. 1:2 en 3).

U woorde is gevind en ek het hulle opgeëet en U woorde het vir my 'n vreugde en 'n blydskap vir my verstand, wil en emosie geword, want ek word volgens U Naam (Karakter en Outoriteit) genoem, o יהוה-Tzva 'ot! Jer. 15:16.

Hierdie boek van die wet mag nie uit jou mond uitgaan nie, maar jy moet dit dag en nag bedink sodat jy versigtig kan wees om volgens alles wat daarin geskryf staan te doen, want dan sal jy jou paaie voorspoedig maak en dan sal jy sukses hê. Jos. 1:8

Om die Woord te glo beteken om die Woord toe te pas, en om die Woord toe te pas moet die Woord geken word, en om die Woord te ken moet die Woord geëet word.

Indien jy voldoende voedsel het, maar dit nie eet nie en gevolglik verswak en siek word, kan jy net jouself blameer. Talle gelowiges is geestelik verswak en siek omrede hulle nie die Woord van God eet nie. Een maaltyd 'n week is onvoldoende. Baie gelowiges is geestelik ondervoed of geestelik wangevoed omrede hulle nie eet van die Woord van God nie.

Hoe gereeld eet jy van die Brood van Lewe? Voed jy jou daagliks met God se Woord? Oordink jy dit en rig jy jou gedagtes, woorde en daade daarvolgens? Indien jy vasgevang is deur bepaalde lewensomstandighede is 'n moontlike oorsaak 'n gebrekkige geestelike dieet. Jy het moontlik 'n gebrek aan die Woord van God. Eet gereeld van die Brood van die Lewe en die volgende Godsbelofte sal waar word:

want My gedagtes is nie julle gedagtes nie en julle manier is nie My manier nie,” verklaar
יהוה,

want soos die hemel hoër is as die aarde, so is My metodes hoër as julle metodes en My gedagtes as julle gedagtes,

want soos die reën en die sneeu van die hemel afkom en nie daarheen terugkeer sonder om die aarde nat te maak en dit te laat voortbring en uitspruit en saad gee aan die saaier en brood aan die eter, nie,

so sal My woord wees wat uit My mond uitgaan; dit sal nie leeg na My toe terugkom, sonder om te bereik wat Ek begeer en sonder om voorspoedig te wees in dit waarvoor Ek dit stuur, nie,

want julle sal met vreugde uitgaan en met vrede gelei word; die berge en heuwels sal uitbreek in uitroep van vreugde voor julle en al die bome van die veld sal hande klap. In plaas van 'n doringboom sal 'n sipres opkom en in plaas van 'n netel sal 'n mirteboom opkom en dit sal 'n herdenking wees tot יהוה, as 'n ewige teken wat nie afgesny sal word nie.” Jes. 55:8 tot 13

Bepeins of Bespreek

1. Ons lees in Num. 21:5 dat Israel teen YHVH en teen Moses gekla het oor die manna deur te sê: *ons liggame walg van hierdie nuttelose kos*. Die gevolg was dat יהוה *giftige slange onder die volk gestuur wat die volk gebyt het en baie van die mense van Yisra'el het gesterf*. Vandag sê Rabbynse Judaïsme steeds dieselfde oor die Manna wat YHVH uit die hemel gestuur het. Hulle weier om te eet van hierdie Hemelse Brood, want hulle beskou dit as nutteloos (walglik volgens die 1953 vertaling). Hulle is gebyt deur giftige slange en sal slegs genesing ontvang wanneer hulle in vertroue hulle oë vestig op die folterpaal waar Yeshua die prys vir hulle sondes betaal het. Elkeen wat weier om dit te doen, is geestelik reeds dood en sal deur YHVH veroordeel word.

-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalomgroete.
Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info
Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.